HOËRSKOOL
FICHARDTPARK

15 November 2019

BESTE GRAAD 8 OUERS EN LEERDERS

GRAAD 8 KAMP

Hoërskool Fichardtpark bied topgehalte Christelike onderwys en opvoeding aan elke leerder. Die kamp het ten doel om u kind te help om deel van die skool te word, sy maats beter te leer ken, en om nader aan sy Skepper te kom. 'n Gebalanseerde kampprogram gaan aan hom/haar gebied word waar ons veral gaan fokus op lewenswaardes en spanbou. Verder gaan daar baie gespeel en gelag word. Moenie dat u kind die voorreg ontneem word om ten volle tot sy/haar potensiaal te ontwikkel nie.

Neem kennis van die volgende reëlings aangaande die Graad 8 kamp:

Wanneer:	**Vrydag 17 Januarie 2020 tot Sondag 19 Januarie 2020.**
Waar:	**Retiefkampterrein net buite Bloemfontein.**
Koste: **Asseblief** ⇨	**R530,00** **U kan die kampgelde nou reeds betaal maar nie later as 15 Januarie 2020.** **Handig asseblief die aangehegte toestemmingsbrief saam met betaling in om administratiewe reëlings te vergemaklik.**
Inbetaling by:	• **Mev Elizabeth Gouws (finansiële beampte).** • **Elektroniese Bank inbetaling(EFT)-bewys geheg aan toestemmingsbrief** • **Bank besonderhede:** **Hoërskool Fichardtpark** **ABSA tjekrekening** **Takkode:632 005** **Rekeningno.:157 03 20 455** **Verwysing: Rekeningnommer van leerder Gr 8 kamp** • **KARRI –APP** • **Kaartmasjien fasiliteit** • **SAMBA**

SKOOLHOOF: Mnr Herman vd Merwe
Hudsonrylaan 24 | Fichardtpark | Bloemfontein | 9301 | Posbus 31132 | Bloemfontein | 9317
Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | fichpos@fpark.co.za | www.fpark.co.za

Hoe laat vertrek:	**Vrydagogggend 17 Januarie 2020 om ongeveer 10:00.**
Terugkoms:	**Sondagoggend 19 Januarie 2020 om ongeveer 12:00 terug by die skool.**
Wat om saam te neem:	**Klere: Ontspanningsdrag, gemaklike skoene, warm klere, hoed, swemklere en spanbou hempie.** **Eetgerei, toiletbenodigdhede (Sonbrand- en muskiet middel), Bybel (notaboekie en pen), flitslig, slaapsak, persoonlike medisyne. Bring 'n sakgeldjie, daar is 'n snoepie beskikbaar. Geen selfone nie asseblief.**
Afsluitingsboodskap	**Ouers word genooi om die afsluitingsboodskap, wat om 10:00 sal plaasvind, by te woon. U kind kan daarna ook saam met u verdaag.**

H van der Merwe

Skoolhoof

LE Prinsloo/L Pretorius

Kamporganiseerder

INSKRYWINGSVORM

Naam & Van:	
Graad en klas:	
Bedrag ingesluit:	

TOESTEMMINGSBRIEF : KAMP 17 tot 19 Januarie 2020

Ek/ons die ondergetekende/s_____

ouers/voogde van:_____

Verleen hiermee toestemming dat bogenoemde leerder die kamp/toer mag meemaak. Ek besef dat my kind onderworpe is aan billike reëls en voorwaardes wat vir die geleentheid gestel word en besef dat die maatreëls nodig is om gesonde dissipline sowel as die veiligheid van almal teenwoordig te bevorder.

Ek stel hiermee die gemagtigde verteenwoordiger van *die skool,* wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin bogemelde kind beseer mag word aan, om namens en in my plek tot enige van die ondergemelde toe te stem: (a) chirurgiese of mediese prosedure en/of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan die persoon van bogemelde kind; en (b) die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde. Ek waarborg dat ekself die reg het om tot sodanige optrede in te stem. Ek onderneem om enige van die bogemelde koste op aanvraag te betaal en onderneem hiermee om d*ie skool* en/of enige van sy openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir en te vrywaar van enige koste wat in hierdie verband aangegaan mag word. Ek bevestig dat enige mediese rekening direk aan my gestuur moet word.

Sover ons weet verkeer gemelde kind in goeie gesondheid. Ons sal egter bly wees indien op die volgende gelet sal word. (Meld enige swakheid/afwyking waaraan u kind ly, of enige spesiale aktiwiteite wat vermy moet word):

_____

Woonadres van ouers:_____

Tel: _____ **Sel:** _____

Persoonlike selnommer van leerder (opsioneel): _____

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG **MEDIESE SKEMA & NOMMER**

_____

DATUM